

# Gemeentebou en art 21-maatskappy beveg misdaad



*Willem Pretorius is 'n gemeenteleraar in die gemeente Familiekerk Kameeldrif, veral verantwoordelik vir projekte en programme wat in die gemeenskap geloods word. In die Noordelike Sinode is hy die voorsitter van die Diensraad Gemeente-ontwikkeling. Hy is ook lid van die ADGO van die Algemene Sinode.*

## Kameeldrif se verhaal

Kameeldrif is 'n gewone twee-leraar gemeente in die noordooste van Pretoria. Ry jy met die N1-snelweg Polokwane (Pietersburg) se rigting, is die gemeente aan die oostekant geleë. Dit is 'n gemeente wat iets van 'n plattelandse karakter het, maar stelselmatig deur ontwikkeling in 'n voorstedelike stadsgemeente ontwikkel. Ons het 'n dam, Roodeplaatdam, twee swart informele gebiede (plakkerskampe), enkele wit nedersettings (plakkerskampe), 'n gevangenis en ook 'n kinderskool in ons gebied.

## Wat maak ons verhaal uniek?

Ons verhaal begin by:

- 'n gebied waar nuwe uitbreidings en ontwikkelings deel van ons daaglikse

lewe word – nuwe intrekkers meld byna elke Sondag aan;

- 'n gemeente wat getallegewys só begin groei het, dat twee leraars hulle bediening nie op die tradisionele wyse kon voortsit nie – ontwikkeling van 'n unieke visie met 'n ondersteunende artikel 21-maatskappy; en
- 'n gebied wat die laaste jare deurgeloopt het onder geweldsmisdaad – die gemeente en gemeenskap vat hande.

## Historiese gebeure

In 2004 het die twee leraars, Willem Pretorius en Roelf Opperman, as kollegas begin saamwerk. Albei het 'n liefde vir jongmense, maar 'n *passie* vir families.

By die eerste jaarlikse wegbreek is die gebruik van die familiemetafoer as vertrekpunt aanvaar. Dié metafoer het sy tekortkominge, maar ook bepaalde sterkpunte, waarvan een die klem op *geloofsontwikkeling in die gesin* is.

Matteus 28:19 is die teks wat ons gebruik het om oor geloofsontwikkeling te dink. Die woorde “Gaan dan ... doop hulle ... en leer hulle ...”

Die familiemetafoer en die drie konsepte van geloofsontwikkeling het Kameeldrif se visie begin vorm: helder ligte (gaan dan ...), lewendende water (leer hulle ...) en sagte harte (doop hulle ...).

Gedurende 2005 tot 2008 het die gemeente erg onder geweldsmisdaad deurgeloopt. Lidmate was in 'n greep van vrees en angs vasgevang. Kinders kon nie meer slaap sonder slaappille nie.

Bejaardes wou nie meer laatmiddag of vroegaand rondry nie. In 'n kwessie van 'n paar jaar is van die sterkste, jong dinamiese leiers en vriende in rooftogte en moorde dood. Die gebeure was sinloos en leeg. Daar was nie antwoorde om die

troos makliker te maak nie.

Ná een Vrydagaand waar 'n jong ingenieur met drie klein kinders sinneloos doodgeskiet is, het ons die Saterdagoggend vir mekaar gesê: “Genoeg is genoeg!”

## Ontwikkel 'n nuwe gemeenteboumodel

### • 'n Familie is kwaad

Die eerste was dat gemeentedele na vore getree en gesê het hulle is moeg vir misdaad en wil iets doen.

'n Kerntree wat gegee is, was toe hulle teruggestuur is om seker te maak wat hulle wil doen. Hulle het teruggekom met die antwoord: “*Ons wil ons hare sny in solidariteit met die seer waardeur die gesinne gaan wat geliefdes verloor het. Ons wil na die regering uitroep om iets te doen. Ons wil daarmee sê ons gee die eerste tree, want ons gaan dit nie net aanvaar nie.*”

### • 'n Familievergadering

Ons het begin om met rolspelers in ons gemeenskap te vergader, te kuier, koffie te drink en sáám te bid. Die doel hiervan was om ons ondersteuning met die slagoffers en die gemeenskap te bevestig.

Die gemeente het sy fasiliteite beskikbaar gestel en die gemeenskap genooi om te kom praat. Die polisie is uitgenooi om op die gemeenskap se vrae te kom antwoord. Hier het ons seker gemaak dat ons nie die vergaderings lei of voorsit nie, maar net as fasiliteerders optree. Dit het ons gemeente (familie) gevestig as 'n plek waar daar *omgegee* word.

### • Die familie maak planne

In gesprekke met ander rolspelers het ons begin verstaan dat dit nie help ons praat teen misdaad nie. As ons dit wil verander, sal ons iets in die plek daarvan moet sit.

Deur jare se saam reis, bid en koppe bymekaar sit, was die reaksie van die gemeente en kerkraad dat die gemeentebouproses só verstaan moes word dat dit hoop moet bring en 'n verskil moet maak.

Die teologiese gesprek in die gemeente het daartoe gelei dat ons ons missionêre roeping beleef as uitdrukking van dié vraag: "Hoe kan ek jou help? Wat kan ek (ons) doen om van Kameeldrif (die gebied) 'n beter plek te maak?" Die gemeente het biddend en in afhanklikheid sy visie só begin verpak dat holisties iets aan misdaad gedoen kon word.

### **Ons visie en artikel 21-maatskappy**

Ons het in 2007 begin om 'n artikel 21-maatskappy met die naam *Kamcare* te stig. In die afgelope drie jaar het die organisasie as die praktiese arm van die visie van die gemeente begin ontwikkel. *Kamcare* het in vier verskillende sentrums gegroei.

#### **● Doop hulle ... 'n Familiesentrum**

Professionele gelowiges bedien die familiekliniek (-sentrum). Die fokus van die sentrum is om 'n plek te wees waar gebrokenheid, soos trauma of verbrokkelde verhoudings, in 'n groeiproses begelei kan word. Dié sentrum was ook verantwoordelik vir die "debriefing" van getraumatiseerde skoolkinders. Dit het ook hulp aan getraumatiseerde polisiemanne en -vroue gebied.

Ons het gou besef geweld en misdaad traumatiseer alle rasse. Daarom word alle rasse by dié sentrum bedien.

#### **● Doop hulle ... 'n Kindersentrum**

Die tweede sentrum wat ons begin het, was om saam met Phillip van Tonder van Unisa se afdeling vir "social upliftment" te begin met 'n roei-akademie.

Phillip, 'n nasionale roeier, het begin om by die Roodeplaatdam kinders van alle ouderdomme te leer om te roei. In die

eerste jaar was daar sowat 15 kinders wat begin het, waarvan ses goue-medaljevenners op die Suid-Afrikaanse kampioenskappe was.

Vanjaar het daar weer 20 kinders by die skool aangesluit. Agt het goue medaljes gewen. Een van die onder 16-dogters het Suid-Afrika by die *World Youth Games* in Tunisië verteenwoordig. Sy en haar maat het 'n bronsmedalje verwerf.

Op hierdie vlak het ons twee doelwitte: Om getraumatiseerde en verwaarloosde kinders weer 'n belangstelling in die lewe te gee, en om 'n waardesistiem in die kinders te vestig en uit te bou. Hierdie kinders dra 'n waardevolle boodskap van harde werk, eerlikheid, lojaliteit en respek terug na hulle gemeenskappe.

#### **● Leer hulle ... 'n Toerustingsentrum**

Die derde sentrum is 'n opleidings-en-bemagtigingssentrum. Hier het ons vir die gemeenskap gevra wat hulle behoeftes is. Die opvallendste twee was leierskap en entrepreneurskap. Ons het reeds heelwat volwassenes wat albei kursusse deurloop het.

Die entrepreneurskap het ons ook 'n tree verder gevat. Die kursusgangers kan 'n sakeplan voorlê. Op grond daarvan ontvang hulle dan 'n bedrag, sogenaamd "seed money" of aanvangskapitaal. Elke suksesvolle aansoeker word aan 'n mentor gekoppel wat hom of haar in die ontwikkeling van hulle sakeonderneming begelei.

Met hierdie sentrum wil ons die gemeenskap leer (metafories) om vis te vang, en nie bakhand te wag vir vis nie. As ons iets aan armoede en werkloosheid kan doen, gaan dit bydra om misdaad te bekamp.

#### **● Gaan dan ... 'n Gemeenskapsentrum**

Die vierde sentrum is 'n gemeenskapsentrum. Saam met Lloyds Register (wat ook 'n wonderverhaal op sy eie is) is ons besig om met sonpanele ligte in een van

die informele plakkerskampe te installeer. Dié projek is aangewys as een van Lloyds se streekswenners in Afrika, die Midde-Ooste en Europa.

Die projek het in Julie 2010 begin. Ons het as loodsprojek tien huise in samewerking met die gemeenskapsleiers geïdentifiseer. Een kriterium was dat daar hoërskoolleerlinge in die gesin moet wees. Dis die wonderlikste getuigenis as die ma die volgende dag bel en vertel van haar kinders wat vir die eerste keer tot halfen die nag kon studeer!

Verder neem ons verantwoordelikheid vir sekere vakansieprogramme waarby tot 150 kinders 'n week lank besig gehou word. Hier lê die fokus veral op die afbreek van grense en die bou van verhoudings.

#### **Volhoubaar**

Ek sou kon skryf oor hoe ek droom dat gemeentes nuut dink oor gemeentebou en oor watter verskil hulle in die gemeenskappe waar hulle geplaas is kan maak.

Wat verstaan ons onder 'n missionêre ekklesiologie? Hoe lyk dit prakties in 'n gemeente? Kan jy as kerk 'n artikel 21-maatskappy stig om jou werk te doen?

Ons vertrou dat die gemeentebouproses wat ons ontwikkel het, wel in ons konteks volhoubaar is. Daarom sal ons voortgaan om dit uit te bou en verder te implementeer.

Het hierdie proses 'n verskil gemaak aan misdaad in die gemeenskap?

Aanvanklike syfers (aantal moorde en inbrake) wys wel 'n afname.

Die belangrike dink ek, is dat ons hoop gebring het en 'n daadwerklike verskil in ons gemeenskap kon maak.

● *Vir verdere inligting, kontak gerus vir dr Willem Pretorius by willem.pretorius@kameeldrif.ng.org.za, sel: 083 560 6668, of dr Roelf Opperman by roelf.opperman@kameeldrif.ng.org.za, sel: 082 335 1156.*

Bybel-Media - Tuisblad



[www.bybelmedia.co.za](http://www.bybelmedia.co.za)

**EENSTOP- CHRISTELIKE BOEKWINKEL**



Direkte bestellings: [bestel@bmedia.co.za](mailto:bestel@bmedia.co.za) of faks 021 873 0832

Deelproepe: **0860 26 33 42** of **0860 BMEDIA**

e-aankope: [www.bybelmedia.co.za](http://www.bybelmedia.co.za)